Volume1

Augustus 2005

Sendingsdeputate Suid-Afrika (SDSA)

SENDING IN SUID-AFRIKA

Nuusbrief

Nasionale Voorligting

Die Sendingsdeputate van Suid Afrika vereis van die sendende kerke van die VGKSA om op 'n gereelde basis voorligting te gee aan die gemeentes wat die sendingswerk ondersteun. Die doel van die voorgestelde voorligtingsessie is twee-ledig:

- Gemeentes op hoogte te hou van verwikkelings en vraagstukke in die verskillende sendingsvelde.
- Betrokkenheid binne gemeentes, deur middel van besprekings, vertellings en idee-ontwikkelings debatte, te verhoog.

Die sendingsvoorligting vir 2005 is behartig deur Ds H Breytenbach, sendeling in Belhar en Leiden. Hy is vergesel deur Chris Willemse , 1e jaar teologie student en Pieter Abrahams, 4e jaar teologie student. Die twee studente het mekaar afgewissel en die meeste van die voorligting is deur Ds Breytenbach self hanteer. Die studente is gebruik om veral vir die kinders by die skool meer te vertel oor die Kaapse Vlakte asook tydens sommige gemeentevergaderings. Die studente het 'n baie oorspronklike perspektief aan die voorligtingsessies verleen en kon die realiteite van die sendingswerk baie effektief kommunikeer.

Die tipes voorligtingsessies is in vier basiese kategorieë verdeel, naamlik:

- Vertelling
- Vraag-en-antwoord sessies
- Idee-ontwikkelingsdebat
- DVD

Vertellings is meestal gebruik tydens gemeentevergaderings asook tydens skoolbesoeke. Die fokus van die vertelling is geplaas op hoe die sendingsgemeentes lyk, wat hulle doen en wat dieselfde of anders is as waaraan die gehoor gewoond is. Daar was ook gebruik gemaak van fotos, plakkate en multi-media wat die gehoor se belangstelling behou het.
(vervolg bladsy 2)

In hierdie uitgawe:

Nasionale Voorligting	1/2
Sendingstrukture and samewerkingsverband	3
Wie is die sendingsdeputate?	4

Nasionale Voorligting (vervat...)

Die DVD was uiters suksesvol. Deur middel van die DVD het alle groepe 'n baie goeie idee gekry van omstandighede op die Kaapse Vlakte. Die DVD het ook alle ouderdomsgroepe aangespreek en daar was baie vrae wat voortgevloei het uit die DVD. Spesifieke aksies soos bybelstudies en gemeentebouprojekte is op gefokus. Individuele onderhoude met spesifieke gemeentelede het ook daartoe bygedra dat bewustheid in eie gemeentes beter aangespreek is. Kulturele persepsies is ook baie effektief oorgedra, aangesien dit deur die gemeentelede self vertel is.
Die sendeling en sy medewerkers was vir 'n periode van 8 dae in die Pretoria omgewing gewees. Tydens gemeentevergaderings is hulle vergesel deur 'n sendingsdeputaat wat 'n algemene oorsig oor sending in Suid-Afrika verskaf het. Die voorligtingsessies is soos volg verdeel:

Plek en Datum	Groep	Deputaat	Sendingspan
Bethal	Gemeente 15 Mei (na oggenddiens)	Paul Bouwman	Ds H Breytenbach Chris Willemse
Pretoria & Maranata	Pretoria Gemeente 15 Mei (19:45)	Harm Snijder	Ds H Breytenbach Chris Willemse
	JC Laerskool (Gr0-Gr7) 17 Mei (08:30)	Geen	Ds H Breytenbach Chris Willemse
	Jeugvereniging (14jr+) 17 Mei (19:30)	Gerda van Dijk	Ds H Breytenbach
	Maranata Gemeente 18 Mei (19:45)	Harry Pouwels	Ds H Breytenbach
Mamelodi	Gemeente 19 Mei (19:00)	Harm Snijder	Ds H Breytenbach Pieter Abrahams
Soshanguve	Gemeente 22 Mei (na oggenddiens)	Paul Bouwman	Ds H Breytenbach Pieter Abrahams
Johannesburg	Jeugvereniging 22 Mei (15:00)	Gerda van Dijk	Ds H Breytenbach Pieter Abrahams
	Gemeente 22 Mei (aand)	Koos Toebes	Ds H Breytenbach Pieter Abrahams
Kaapstad	Jeugvereniging (14jr+) 5 Junie (na oggenddiens)	Geen	Ds H Breytenbach
	Laerskool 6 Junie (08:30)	Geen	Ds H Breytenbach
	Gemeente 6 Junie (19:45)	Koos Toebes	Ds H Breytenbach

Die voorgestelde voorligting was daarop gemik om die verskillende gemeentes se bewustheid op te skerp en daardeur die sogenaamde gaping wat daar tussen gemeentes en sendingsgemeentes bemerk word, te oorbrug. Ons het almal deel aan Een Liggaam en as sulks het die sendende kerke die verpligting om alle gemeentes van Christus in eenheid te bind.

Suid-Afrikaanse Samewerkingsverband



Totaal van 8 gemeentes met ± 1 900 lidmate

Samewerkingsverband met Nederland



Totaal van 53 gemeentes met ± 26 500 lidmate

Alhoewel die finansies deur die SDSA gekoördineer en verdeel word, is die lyne vir samewerking en hulp tot die sendende gemeentes oop.

Posadres indien u vir ons wil skryf:
Posbus 31061
Totiusdal
0134

Bankbesonderhede indien u ons wil ondersteun:
Nedbank Bellville
Bankkode: 103-610
Naam van rekeninghouer: Sendingsdeputate Suid-Afrika
Tipe: Tjekrekening
Rekeningnommer: 1036335038



Sendingsdeputate Suid-Afrika (SDSA)

Wie is die sendingsdeputate?

Die Sendingsdeputate Suid-Afrika bevorder nasionale sendingsamewerking deur te verseker dat voorligting aan alle gemeentes gehou word waartydens die vreugdes en probleme wat ervaar word op die sendingsterreine geïdentifiseer word. Insae in die operasionele and strategiese planne word ook verkry terwyl gemeentes op hoogte gehou word van die finansiële sake op die sendingsterreine.

Die SDSA poog verder om die samewerking te verbeter deur te vra vir volgehoue voorbidding, asook enige hulp en raad aan beide die SDSA asook die sendende gemeentes direk.

Die fokuspunte van die SDSA vir die komende jaar sluit in:

- Uitbreiding van die finansiële draagvlak vir die sendingswerk in Suid-Afrika
- Reel van die visitasie saam met afgevaardiges vanuit Nederland
- Opstel van meerjarige begrotings vanuit die strategiese planne van die sendende kerke.

Die SDSA bestaan huidiglik uit 5 lede wat deur die Sinode aangewys is. Sou u moontlik kontak wil opneem met enige van die lede, besonderhede is soos volg:

Voorsitter:

Koos Toebes

Tel: 082 783 1976

E-mail: koos.toebes@safrich.com

Lede:

Paul Bouwman

Tel: (012) 332 1611

E-mail: pbouwman@freemail.absa.co.za

Boekhouer:

Harm Snijder

Tel: (012) 332 0166

E-mail: harm@auditworks.co.za

Gerda van Dijk

Tel: 083 742 6194

E-mail: gerda.vandijk@up.ac.za

Sekretaresse:

Ineke Hagg

Tel: 083 292 6648

E-mail: inekehagg@mweb.co.za